Heilbron
# Herald

*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 4 Deel 111
VRYDAG - 7 FEBRUARIE 2020
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

Muller Draaiwerke
Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

# Boere staan saam!





*Op die foto bo van die boere wat die hofsaak bygewoon het. Inlas foto vl: Leslie Hayo, Serame Mohaka, Themba Manis en Paki Molapo.*

Aansoek vir borg is steeds aan die gang nadat die hofsaak teen Paki Molapo (33), Themba Manis (22), Serame Mohaka (43) en Leslie Hayo (46) op 5 Februarie 2020 begin het. Twee van die beskuldigdes beweer dat hulle vir Leslie Hayo werk op sy plaas, Welverdiend. Die gemeenskap staan saam en ongeveer 25 boere het die sitting bygewoon ter ondersteuning van Jannie Bornman se saak van veediefstal teen die beskuldigdes.

'n Groep het ook ook al die pad uit Kroonstad gekom om die saak te ondersteun. Die hof was tot oorlopens vol en van die waarnemers moes teen die mure staan. Verskeie mense het 'n petisie teen borg vir die beskuldigtes en die verlies van vee, geteken. Beide kommersiële en opkomende bestaansboere het die petisie ondersteun en selfs mense uit die Phiritona omgewing is moeg vir veeverlies. Amper 200 persone het die lys onderteken wat daarna oorhandig is aan Dr. Jane Buys. Die beskuldigdes se aansoek vir borgtog word een vir een bespreek op grond van die inligting beskikbaar en sal daarvolgens goedgekeur word of nie.

Teen druktyd was daar nog nie 'n bevestigende antwoord aangaande die borgtog se uitslag nie.

# Quantum Boerefees in beplanning

Quantum Field Services nooi elkeen uit om deel van hulle groot dag te wees. Die Quantum Boerefees word gehou ten bate van droogtehulp sowel as plaasbeveiliging.

Die dag word beplan om boere in nood te help en om as Agri-gemeenskap saam met almal teenwoordig op die fees, iets terug te gee aan ons boere.

Hierdie is nie net 'n fees vir boere nie, maar ook vir die gemeenskap. Kom kuier saam en kom geniet talle vermaak sowel as 'n vertoning van Steve Hofmeyr.

Geniet die dag ook saam met Burre Burger en sy droogtehulp-span.

Ingangskaartjies beloop R100 en sluit Steve Hofmeyr se optrede in.

Kaartjies is beskikbaar by VS Hersteldienste in Kroonstad. Tel: 056 213 3222, 083 338 8546 of 083 279 2323, sowel as aanlyn by Quicket onder Quantum Boerefees. Vir enige borge aangaande ons droogtehulp-veiling, skakel 083 338 8546.



# Heilbron waterkrisis:



## Munisipaliteit en Randwater vat hande

Heilbron het verlede week weer 'n ernstige waterkrisis beleef toe krane in sommige areas vir tot drie dae dolleeg was. Dit was die soveelste keer in 'n relatief kort tyd dat die water opgeraak het en inwoners was met reg hewig ontsteld. Die krisis het egter hierdie keer 'n positiewe wending gehad. Dít nadat VF Plus raadslid, Phillip van der Merwe van Heilbron, by die Burgemeester aangedring het dat sy 'n krisiskomitee waarop al die Heilbron raadslede dien, moes saamstel om met amptenare van Randwater samesprekings te hou en antwoorde te eis waarom die dorp kort-kort van te min water voorsien word.

Volgens raadslid Van der Merwe is 'n "krisisberaad" gevolglik verlede Vrydag in Heilbron gehou waar senior amptenare van Randwater teenwoordig was om verduidelikings te gee en oplossings te vind. Daar het dit geblyk dat die klep wat water uit die hoofpyplyn na Heilbron deurlaat na Kragbron, weer die sondebok was. Die klep word deur Randwater gestel om 4 megaliter per dag na Kragbron deur te laat, maar vibrasies op die pyplyn veroorsaak dat die klep verder oopgaan en meer water na Kragbron deurlaat, wat veroorsaak dat minder water Heilbron bereik.

Om dié voortdurende probleem te oorkom het Randwater onderneem om die betrokke klep te vervang met 'n beter vloeibeheerklep. Installasie sal minstens 6 ure neem en daar sal vir daardie periode nie water gepomp kan word nie. Die komitee het ooreengekom dat Randwater sal voortgaan met die vervanging, maar vroegtydig sal aandui wanneer die werk uitgevoer sal word sodat inwoners kan beplan vir die periode wanneer daar 'n tekort aan water sal wees. 'n Opvolgvergadering sou eersdaags gehou word om die datum van installasie te bepaal en inwoners sal vroegtydig daarvan in kennis gestel word.

Nog goeie nuus is dat Randwater pas 'n bystand-kragopwekker vir sy pompstasie bekom het – 'n kragonderbreking in Sasolburg het ook bygedra tot die onlangse krisis. Die opwekker is reeds ge-installeer maar sekere elektoniese koppelings moet nog in die volgende paar dae gedoen word. Daarna sal kragonderbrekings geen verdere invloed hê op die pompstasie se vermoë om water te pomp nie. Beter kommunikasie sal voortaan tussen die partye geskied sodat inwoners, waar moontlik, ook vroeër van moontlike tekorte verwittig kan word.

"Heilbronners moet egter aanvaar en verstaan dat die dorp se aanvraag tans gelyk aan, of selfs groter is as die beskikbare pompkapasiteit" sê raadslid Van der Merwe. Randwater gaan verder behulpsaam wees om 'n meer akkurate beraming van die dorp se waterbehoefte te maak sodat kort- en langtermynplanne om die beskikbaarheid van water te verseker, gemaak kan word. Randwater is reeds besig is met die beplanning van 'n nuwe pypleiding vir Kragbron wat na verwagting teen Junie 2021 voltooi sal wees, daarna sal die volume water per dag beskikbaar vir Heilbron van 4 megaliter toeneem na 12 megaliter.

Heilbronners moet egter beskikbare water oordeelkundig gebruik, aangesien watergebruik deurentyd weens ontwikkeling en groei verhoog.

# Ouditguitkomste in Ngwathe verbeter - dienslewering op grondvlak nie

*• Phillip van der Merwe*
*VF Plus-raadslid:*
*Ngwathe-plaaslike munisipaliteit*

Alhoewel ouditguitkomste van die Ngwathe-plaaslike munisipaliteit (Parys, Vredefort, Heilbron, Koppies, Edenville) vir die 2018/2019-finansiële jaar van 'n weerhouding na 'n gekwalifiseerde mening verbeter het, is die bevindinge steeds kommerwekkend.

Die munisipaliteit het gedurende die 2018/19-finansiële jaar 'n netto verlies van meer as R200 miljoen getoon en sy laste het sy bates met R1,28 miljard oorskry. Dit neem die munisipaliteit gemiddeld 1245 dae om skuld aan krediteure te vereffen.

Dit is betreurenswaardig dat uitstaande skuld aan Eskom met sowat R128 miljoen verhoog het na R1,06 miljard. Skuld aan die Departement van Waterwese beloop sowat R108,5 miljoen.

Die Ngwathe-plaaslike munisipaliteit oortree Art. 41(1)(b) van die Munisipale Stelselswet van Suid-Afrika deurdat daar geen rekord van water- en elektrisiteits-verliese gehou word nie. Daar is dus geen manier waarop daar bereken kan word hoeveel water en elektrisiteit in dié munisipaliteit verlore gaan nie.

Die grootste mislukking van die ANC-regering is die stand van munisipaliteite en die ouditguitkomste bevestig dat dié munisipaliteit geen uitsondering is nie.

Die VF Plus is van mening dat munisipaliteite tot op dorpsvlak moet verklein ten einde te verseker dat dienste direk en meer effektief aan inwoners gelewer kan word. Dit kan voorkom dat belastingbetalersfondse wanaangewend word.

Kontaknommers: 082 380 0753

## Het jy geweet ?...

'n Spekboon is 'n inheemse Suid-Afrikaanse plant en is oorspronklik vanaf die Oos-Kaap. Die plant beveg lugbesoedeling en klimaatsverandering en is 10 keer meer effektief om koolstofdioksied uit die lug te verwyder as die Amasone. Die plant groei baie maklik, breek 'n steggie af en druk dit in die grond om te groei. 'n Spekboom kan tot en met 200 jaar leef en 5 meter hoog groei. Met 'n besonderse meganisme kan die spekboom aanpas tot enige omgewing en seisoen en maak sy stomata oop en toe soos benodig. Hierdie plant is nie net sappig en lekker vir renoster, olifante en kudus nie, maar kan deur die mens ook geëet word.

## Briewe aan: Redakteur



***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Tydens die storm ter see (ons ken almal die gebeure) met Jesus aan boord en aan die slaap, met Sy dissipels by Hom, het 'n groot storm oor hulle heen gebars (en die Woord sê Sy dissipels het geskree van vrees). Hulle kon maar net nie glo dat Hy dan kan slaap en nie omgee dat hulle vergaan nie (hulle siening daarvan). Seker ten einde raad besluit het om hulle vrees uit te skree dat Hy tog kan hoor, dat hulle in gevaar verkeer. "Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?" Hoe kon hulle dan geglo het dat hulle onveilig is, in Sy teenwoordigheid! Het hulle dan vergeet van Sy Grootheid en Almag en Sy getrouheid! Hulle het tog soms in hulle eie lewe Sy Grootheid en Sy Almag aanskou, maar al wat hulle nou sien is net woeste golwe en gevaar en Jesus wat slaap, met 'n donker"bril", vergeet hulle van die Vashou tye, en die getrouheid van die Here, wat hulle teen vaskyk, en nie kan sien die trouheid van die Here. Groot was hulle verbasing toe Hy die storm, en die wind gebied om te bedaar. Wie's Hy dat selfs die storm en die wind Hom gehoorsaam is? Sulke donker oomblikke kom daar ook soms op mense se lewenspad, dat hulle ook soms seker wonder waar is Hy, gee Hy nie om dat ons vergaan nie! Dan eendag stuur Hy Lig op daardie donker pad, en ons hulle, Hy was steeds die Getroue Heer, en "Hy was nie aan die slaap nie."

Jos 1 : 5,9. "Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie. Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die Here jou God is met jou, oral waar jy heen gaan en Jes. 49: 15,16.

***Ingestuur deur Heléne Howell.***

# Heilbron Fynproewers open

Die Heilbron Fynproewers skop 2020 af met hul jaarlikse verrassingsaand op 31 Januarie. Tydens die byeenkoms bring lede enige gereg wat 'n familie-resep of trefferresep is, onder andere is Ouma Blacky se hoenderresep wat begin met "Vat een jong kapokhaantjie, kap sy kop af en maak hom skoon" ook bedien. So word jarelange familieresepte in die oorspronklike handskrif deur kleinkinders bewaar. Gelukkig is geslagte hoenders deesdae makliker verkrybaar! Al die geregte word dan op die tafels uitgepak waar almal saam kan smul aan al die lekker geregte. Van die geregte op die tafel was: skaapkerrie, skaapboud, skaapafval, bobotie, hoederpastei, hoender-casserole, patatgebak, aartappels, pampoenkoekies en cous-cous slaai. Daar was ook vir die soettande Malvapoeding en vla bedien, roomystert en Pula se tert. Enige koningsmaal word afgerond met 'n koppie koffie. Dit was nie net die familie resepte wat tydens die geleentheid bespreek is nie, lede kon erfstukke met 'n storie saambring. So was daar geërfde borsspelde, armbande en Oupa se kiere, perdryspore, kruisbande en 'n houtblokkie waarop pruimtwak gekerf is, saamgebring. Selfs 'n staaltjie oor destydse Huisgenoot Bollie-stories is ook vertel. Chris en Carien Labuschagne asook Jacques en Wilanda van Rooyen is as nuwe lede tydens die geleentheid ingehuldig. Die Fynproewers sien uit na nog 'n jaar waar daar lekker rondom die tafels met heerlike kosse en goeie geselskap gekuier gaan word. Die volgende byeenkoms vind Mei maand plaas en die tema vir die geleentheid is Kerrie.



*Op die foto: Jeff en Non Roos (Voorsitter en Sekretaresse), Jacques en Wilanda van Rooyen (nuwe lede), Chris en Carien Labuschagné (nuwe lede) en Alwyn en Izerka Swart (Gildemeesters).*

# Dienssentrum lede kuier in "Peru"



Die dienssentrum lede het 5 Februarie in Peru gaan kuier. Hulle het baie geleer van die land se kos, sy mense en die gewoontes. Ook van Machu Piccio, die 'verlore' stad van die Inlays wat al 600 jaar oud is.



*Op die foto links is Piet en Elzabeth Jooste wat pas terug is van 'n kuier by hul kinders in Nieu Zeeland. Die gereg op die foto is 'n tradisionele Peruaanse Estufado wat opgedien was vir elke lid.*

# Koppies VLU help ook



*Met die Januarie 2020 se maandvergadering van Koppies VLU het hulle ook hul bydrae gemaak met die skoenboksprojek vir die droogtegeteisterde Karoo. Elke lid het 'n bydrae gebring wat in skoenbokse verpak is. Te veel om te dra en moes hulle 'n kruiwa geleen het en met trek en stoot kon hulle alles met een slag in die wagtende voertuig kry. As jy wil deel in die vrolike bedrywighede van Koppies VLU, skakel vir Catrien Koekemoer 071 155 0848 of Elsa Jonker 084 600 6012. Volgende vergadering is 19 Februarie 2020. Met dit wat beplan word gaan jy nie spyt wees jy was daar nie.*

# Die orrelis- nederig en hoogmoedig

**• *Ebeth Muller***

Jare gelede, op 'n kerkorrelistevergadering, het 'n professor ons toegespreek oor die regte begeleiding van gemeentesang. Hy het veral klem gelê op die inleiding van die lied wat gesing sou word. "Moenie met 'n voorspel begin waarvan die gemeente niks verstaan nie". En, het hy voortgegaan: " Die Here het u nodig in Sy werk. U ken die verskil tussen 'n eseltjie en 'n perd. Kyk na die eseltjie soos hy daar loop. Duidelik verkondig hy die boodskap van nederigheid en sagmoedigheid. Let op die trotse perd, en kyk hoe lig hy sy pote op en buig trots sy nek, kyk hoe pronk hy. Die Bybel praat van die 'gesnuif van die perd is sy trotsheid'. Dink aan die eer wat die esel te beurt geval het met Maria oppad na Betlehem, dan die vlug na Egipte met Jesus in haar arms. Luister na die hosannas, die gejubel van die skare mense.

Kyk hoe die eseltjie, met Jesus op sy rug, Jerusalem binnestap en trap op klere en palmtakke op die pad oopgesprei, wat vir Jesus bedoel was. Daar is nie 'n gedagte om sy pote 'n bietjie hoër op te tel, en sy kop te lig nie. Die esel se nederigheid is dood vir die lof en die eer van die mense! U almal wat hier voor my sit, is elke Sondag op u pos op die orrelbank om deel te deel in die Woordverkondiging. Doen u plig getrou en sorg dat u u werk ken, moenie mense probeer beindruk met u knap geleerde orrelspel vooraf nie. Pas u orrelspel aan by die gebeurtenis die afgelope tyd in die Gemeente en gemeenskap. Vreugde, hartseer, siekte, dood – pas u voorspel daarby aan. Wees 'n eseltjie, getrou in sy werk, nederig en vergeet van die trotsheid van die perd. Dien die Here met nederigheid en blymoedigheid. Dit is een beroep waar salaris nie ter sprake is na soveel




*Die "kruis" op donkie (esel) se rug duidelik sigbaar.*

jare van studies, eksamens en duur boeke nie! Vorentoe, in die jare wat voolê, sal die pyp-orrels verdwyn in ons kerke. U wat vandag hier sit sal dan al bejaard wees (as u gespaar bly). Mag die Here u, wat as orreliste en ander wat oor die hele wêreld elke Sondag op u pos is, ryklik seën.

U is almal Sy eseltjies, u is getrou en ek is seker dat hy elke Sondag sy engele stuur om u te dra en krag en moed te gee." Een van die eerste en mooiste taak as orrelis, is dat jy gedurig kleiner sal word en laer sal buig wanneer jy die orrel bank betree. Die professor is jare gelede al oorlede.

Die kursus is in die sewentigs aangebied. Die aantekening het Ebeth in haar Koraalboek van 1977 gekry.

# Verwelkom Beuné



*Beuné du Plessis was in die wêreld verwelkom op 12 November 2019 met 'n besonderse en gesonde gewig van 2,7kg. Haar ouers, Beau en Chané du Plessis, getroud sedert September 2018, werk beide by Tlotliso Multi Tech en is opgewonde oor die nuwe lid van die gesin.*

# Muller Draaiwerke open sy deure

Andries Muller is 'n oud-Heilbronner wat hier skoolgegaan het tot Graad 9. Hy en sy ouers het na Klerksdorp verhuis, waar hy sy skoolloopbaan voltooi het. Hy het graag in sy vrye tyd rugby gespeel, maar was ook baie geïnteresseerd in Meganika. Hy keer terug na die plek waar hy grootgeword het om sy eie besigheid as Passer-en-Draaier in Heilbron te open. Hy het sy ambag voltooi en 7 jaar by Jonker Sailplanes wat sweeftuie in Potchefstroom bou, gewerk. Hy sien homself as 'n persoon wat gelukkig is in die platteland en is opgewonde om terug te wees in die dorp. Sy nuwe klein ingenieursbesigheid open by die ou Heilbron Betonwerke gebou en behels algemene pas-en-draaiwerk asook meganiese herstelwerk. Hy het besluit om hierdie besigheid hier te open nadat hy met Elsabé Keogh in die huwelik bevestig is op 14 Desember 2019. Hy het die besigheidsgeleentheid aangegryp nadat Stenhard Ingenieurswerke sy deure gesluit het, en wil hy 'n soortgelyke diens aan die gemeenskap lewer.

Hy sien uit om sy lewe met Elsabé hier in Heilbron te spandeer en 'n sukses van sy besigheid te maak. Hy wil graag mense help en 'n aanwins vir hulle besigheid wees. Hy beman vir eers alles alleen, met die oog daarop om sy span vinnig te laat groei. Dit is vir hom lekker om na die proses die eindproduk te sien van iets wat gebreek was en weer herstel is. Hy is gereed om al sy nuwe kliënte te ontmoet en hulle van diens te wees. Kontak Andries gerus vir meer inligting by 072 447 7446.




**BESIGHEIDSURE**

**Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00**

**Vrydae: 07:30 tot 16:30**

**Saterdae: 08:30 tot 13:00**

Herald

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...**

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Office National

# GROOT KARRE



My eerste karretjie was 'n ligblou Totyota Corolla, 1.3GL. My vriende het gesê dat die GL vir “good luck” gestaan het. My pa het hierdie kar "spiksplinternuut" vir R8 000 gekoop. Dit was nou in 1981. Toe my sussie tweedejaar aan die universiteit was, het my pa die karretjie (nou al 'n hele paar jaar oud en met 'n klomp kilometers op die odometer) vir my sussie gegee. Daar was iets fout met die karretjie, want hy (sy?) wou nie by die verkeersligte luier nie. (Luier is 'n pragtige word vir ”idle”.) My pa gee vir haar 'n klein speelgoedhamertjie en wys mooi waar sy moet tik wanneer die karretjie nie wil luier nie. Liena luister net met een oor en kyk net met een oog, want sy weet toe nie waar om te tik nie. Wanneer die blou karretjie dus by 'n verkeerslig stop, spring ten minste twee passasiers uit, gryp die hamertjie, maak die enjinkap oop en kap "randomly" totdat die karretjie weer luier.

**SUSSIE EN HAAR MAN TROU IN 1988 EN TREK WINDHOEK TOE.** Die blou karretjie trek saam, maar toe hulle besluit om 'n wit bakkie te koop, koop my pa sy eie kar by sy eie dogter terug. Nou moet die blou karretjie vanaf Windhoek terugkom. Pa en ma ry met 'n bus Windhoek toe en die tweetjies kom terug met die blou karretjie. By Keetmanshoop val die uitlaatpyp af, en hulle dreun deur die dorp. Gelukkig is die winkels nog oop en 'n vriendelike Duitser sit weer die uitlaatstelsel aan. Hulle kom veilig in die Vrystaat aan.

'n Paar jaar later word die karretjie toe aan my gegee. Teen daardie tyd is die luierprobleem uitgesorteer, want ek het nie die hamertjie saam met die karretjie gekry nie. Die arme karretjie het 189 000 km opgehad toe ek dit verkoop vir 'n yslike R8 500, R500 meer as die oorspronklike koopprys.

In daardie jare ondergaan Mercedes Benz 'n “facelift” en ek raak halsoorkop verlief op 'n C180. Nie groot nie, nie afslaankap nie, net 'n blouerige C180. Nadat ek al my sente getel het (oom Jan sny koring op die land, dis geel en lyk soos goud, hy tel sy sente oor en oor…), het ek net genoeg vir 'n Toyota Conquest 1300 Sport – 'n blouetjie met 'n pienk streep. Ek en my Conquest was legendaries, soos blits het ek in 'n parkeerplek in- en uitgewoerts, redelik lig op brandstof, mooi van aansien, maar nie so mooi soos die C180 nie.

**IEMAND - KOM ONS NOEM HOM “STEVE” - KRY IN DESEMBER 'N MEEVALLERTJIE.** Presies hoe weet ek nie, want andersins sou ek al daarvoor gaan aansoek doen het. Iedergeval: Steve besluit om vir hom twee nuwe karre te gaan koop met die (reuse) meevallertjie, een vir hom en een vir sy meisie. Hy ruil sy rooi BMW en sy swart Audi in en koop 'n Porche Panamera en 'n Porche Canyenne, nuut uit die boks. En nee, hy wil nie kinders aanneem nie, ek het probeer. (Ek probeer nog uitvind of sy ouers my nie dalk wil aanneem nie.)

Hy vertel hoe baie hy die twee voertuie geniet, maar nie baie tyd kry om met die Panamera te ry nie, want dit staan meeste van die tyd by die meisie se woonstel. Hy is baie gelukkig met sy nuwe kopies en soos ek kan aflei, die meisie ook.

In die tussentyd geniet ek my pa se ou kar wat ek by hom uit die boedel gekoop het, want hy (nie sy nie) was goedkoop, baie min kilos, lig op brandstof én ek het sentimentele waarde daaraan, maar eendag is eendag, dan wil ek nog graag my C180 hê.

Steve sê dat hy effens uitstaan (soos die puisie op 'n vark se boud) met sy donkergrys Cayenne. Ek verduidelik vir hom dat ons hard werk vir ons geld en as jy so iets kan bekostig, koop dan die kar. Ander mense gaan elke jaar oorsee of doen een of ander vreeslike lekker toer, wat die helfte van die kar kos. As jy werk vir geld, geniet jou geld. Ja, "sure", dink ek by myself – by ons is daar (nog) nie 'n C180 nie, want ons wil 'n ou handjie vol pensioen wegsit sodat ons nie by SASSA moet gaan aanklop vir die daaglikse versorging nie. Dis waarom ons goedkoop karre ry wat ons nét so effektief van punt A na punt B kan neem.

**DINSDAGOGGEND STOP EN PARKEER EK NETJIES BY DIE WERK, ONDER MY TOEGEKENDE AFDAKKIE.** Ek sien dat Steve vir die eerste keer met die Panamera werk toe gekom het, maar hy het doer anderkant parkeer. Hy waai vir my en wink my nader. Ek groet hom vriendelik en sien dat daar iemand langs hom sit. Die passasier borrel nie oor van *love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, gentleness* en *self-control* nie. Ek hoor hoe skree sy op Steve toe ek nader stap. Ek groet die Engelse dame vriendelik: “Good morning, Ma'am.” Ek hoor hoe knor sy vir my. As ek dit moet vertaal, behoort dit iets in die lyn van “los my uit jou pleb, jy ry net 'n ou klein karretjie”, te beteken.

Ek giggel vir die absurditeit van die toneel voor my: 'n suksesvolle CEO van twee maatskappye, besit twee Porches (Wie koop in elk geval twee van dieselfde karre? Wonder ek), één waarin sy meisie die meeste rondkerjakker. En weet jy, ten spyte van die geluk wat so 'n mooie kar bring, baklei hulle steeds soos kat en hond en weier die meisie om die kar te verlaat sodat die CEO sy dag op kantoor begin. Ek sien hoe Steve stelselmatig kleiner word totdat dit net die meisie is waarop ek kan fokus. Ek buk maar mooi laag (die Panamera is effe plat) en wens haar 'n lekker dag toe. Ek stop op pad kantoor toe. Wragtag, lyk my ryk mense baklei erger in duur karre as ons in ou karretjies.

Die C180 is nie so duur nie, of hoe? Ek is net besig om uit te werk of ek daarin ook gaan kan sit en baklei.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Jeug)
Deurkollekte: ENGO / Kategese / Gemeentetee Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Deurkollekte: HBvH / Kategese / Wyksbyeenkoms

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Voorbereiding)
Kollekte: Dankbaarheidsfonds
Katkisasie: Les 3
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 3

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel, **Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283 (He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE

**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576


## Biblioteek Tye

**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# Nasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade

Stel jy belang in geskiedenis of het jy dit as vak op skool? Dan het die FAK die ideale geleentheid om jou kennis te toets en uit te brei.

Die FAK stel 'n Nasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade – 'n aanlyn toets vir leerders van graad 8 tot 12 bekend. Die klem val op Suid-Afrikaanse geskiedenis met drie hoofafdelings, nl. Afrikaanse taalgeskiedenis, Afrikanergeskiedenis en Westerse geskiedenis.

Leerders kan reeds van nou af vir hierdie geskiedenisolimpiade by olimpiade.fak.org.za inskryf. Die toets word in Augustus geskryf.

Dit gee die leerders kans om sekere bronne - soos afrikanergeskiedenis.co.za - deur te werk en hulle kennis te toets. Die bronne sal later bekendgemaak word.

Die geskiedenisolimpiade sal uit twee rondtes bestaan. Die eerste rondte behels 'n aanlyn vraestel wat bestaan uit 150 punte met 150 multikeusevrae - 50 punte vir elke afdeling.

Afdeling 1, Afrikaanse taalgeskiedenis, sal vrae hê oor digters (bv. wie het "Winternag" geskryf? Wie is die digter wat in die see geloop het?), die oorsprong van Afrikaans, die prestasies van Afrikaans (bv. eerste gedig, eerste gedrukte boek, eerste Afrikaanse Bybelvertaling), Afrikaanse liedjies en Afrikaanse boeke.

Afdeling 2, Afrikanergeskiedenis sal vrae insluit oor die VOC-tydperk, die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog, Republiekwording, asook 1994 en daarna.

Afdeling 3, Westerse geskiedenis, sal die kennis toets oor ontdekkingsreisigers, ontdekkers, die Reformasie, oorloë en rewolusies en leiers.

Diegene wat deurdring na rondte 2 skryf 'n aanlyn vraestel waar standpuntstelling, beredenering en algemene kennis getoets word. Om deur te dring na rondte twee moet 'n kandidaat minstens 80% in rondte 1 behaal het.

Alle deelnemers ontvang 'n deelnemersertifikaat. Almal wat deurdring na die tweede rondte ontvang 'n medalje sowel as 'n erkenningsertifikaat.

Pryse sal soos volg wees: Die algehele wenner ontvang R10 000; tweede prys R5 000 en derde prys R2 500. Die wenskool ontvang R10 000 en 'n FAK-Wisseltrofee vir geskiedenis.

Die wenskool sal bepaal word na aanleiding van die hoeveelheid leerders per skool wat deelneem en 'n sekere persentasie ontvang. Alle navrae kan gerig word aan chrisna@fak.org.za

# Kleuters geniet poppekas by Kleuterkasteel



*Kleuterkasteel het op Vrydag 31 Januarie 2020 na 'n poppekas vertoning gekyk. Daan Myburgh het dit vir die kinders uitgebeeld en almal het dit vreeslik geniet. Leer, speel en lag heeldag by Heilbron Kleuterkasteel.*






Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoorure by 058 852 3033.

*Elsstraat 44*
*Heilbron*
*9650*
*Tel: 058 852 3033*
*E-Pos:*
*heraldnuus@heilbron.co.za*

Herald
Office National

# Primêre afdeling presteer tydens atletiekbyeenkoms



*Hoërskool Heilbron Primêre Atletiek het Vrydag, 31 Januarie 2020 gaan deelneem aan Laerskool Voorwaarts se Uitnodigingsbyeenkoms in Meyerton. Die kinders het goed presteer en 12 eerste plekke, 6 tweede plekke en 7 derde plekke ontvang.*

# Balanced eating for good health

## *Information on wise food choices for people with Type 2 Diabetes, Obesity or High Blood Pressure (Part 2)*

*• Heilbron Clinic*

**Eat dry beans, peas, lentils and soya products regularly**

These foods are called legumes. You can use them instead of meat to prepare a balanced meal that cost less. Try to eat them at least 3 times per week. Legumes are high in fibre, this helps prevent constipation.

**If you have diabetes**

Use legumes as part of your meals as these help keep your blood glucose levels constant.

**Chicken, fish, meat, eggs or milk can be eaten every day**

You can eat small portions of these foods every day, they help build strong muscles. Milk products help build strong bones and teeth. Choose low fat foods and prepare foods with as little extra fat and salt as possible. Remove fat from meat and the skin from chicken.

**If you are overweight**

Eat very small portions of these foods.

**If you have high blood pressure (hypertension)**

Eat fewer processed meats such as polony and bacon.

**If you drink alcohol, drink sensibly**

Limit your alcohol intake to 1-2 standard drinks per day. A standard drink is a small glass of beer, a tot of spirits or half a glass of wine.

**If you have diabetes**

Your body may react badly to alcohol if you are on certain types of medication. This may lower your blood glucose level. Check with your diabetes educator before you drink alcohol. If you have alcohol, always drink it with a meal, never drink it on an empty stomach.

**If you are overweight**

Alcohol is fattening if you drink as well as eating more than your body needs. If you are trying to lose weight, try to drink less alcohol.

**If you have hypertension**

Alcohol raises your blood pressure. Drinking too much alcohol increase your risk of having a heart attack and a stroke.

**Be active**

Good health is linked to activity and nutrition. The more active you are, the better your health. Increased activity will improve your blood sugar level, your blood pressure will come down and it will be easier to keep off any weight. Your heart will become stronger and you will feel great! Try to be physically active every day. For best results you will need to be active for 20 minutes at a time. Check with your doctor before starting any formal exercise program.

**SWEETENING THE DIET**

Some people believe that sugar causes diseases like diabetes, obesity and hypertension, this is incorrect. Eating sugar and sweetened foods doesn't cause high blood pressure, obesity or diabetes. When you eat more food than your body needs, you may become overweight and people who are overweight often get diabetes. Obesity can lead to problems of hypertension, stroke and heart diseases.

**If you have diabetes:**

For many years health workers told their patients with diabetes not to eat sugar. Now we know that many foods, such as maize and bread, raise blood glucose at the same speed as sugar does. We would never forbid these foods. The recommendations about using sugar have changed – you may use sugar, even if you have diabetes, but sugar must be used as part of a healthy balanced diet. Should you follow all these guidelines, you will be able to add a little sugar to your meals and achieve good control of your blood glucose levels.

**Here are some examples of how you can use sugar with meals:**

• Add sugar to oats porridge.
• Spread apricot jam thinly on brown bread.
• Eat canned beans in tomato sauce that has sugar added.
• Have custard with fresh fruit salad for pudding.

**What about sugar in drinks?**

It is usually better to drink water or diet cold drinks rather than sweetened cold drinks or pure fruit juice, this is because cold drinks and fruit juice contain a lot of carbohydrates. It is better to drink hot drinks, like tea, without added sugar.

**What about artificial sweeteners?**

You can use artificially sweeteners in moderation. Use no more than 8 - 10 tablets or sachets of artificial sweetener per day.

**If you are overweight**

If you want to lose weight, you must restrict your intake of all foods and use fat sparingly. You don't have to avoid sugar. In fact, research shows that people who continue to eat small amounts of sugar in a balanced diet, find it easier to stick to their diet and lose weight.

**If you have hypertension**


You do not usually have to limit your sugar intake, you can use sugar as part of your balanced diet.

Improve your health today. Become motivated, eat wisely and get active for best results. Following these guidelines will help you take control of your own health.

# Jaarverslag van Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## *1 April 2018 tot 31 Maart 2019*

*• Fana Mathibela*



**1. Identifiserende besonderhede:** Die Jeugsorgsentrum is geleë te Ringerstraat 40, Heilbron. Kinders word ingeneem van omliggende dorpe vanuit verskillende kultuurgroepe, geslagte en ouderdomme. Die ouderdomme wissel tussen 5 jaar en 19 jaar.

**2. Projekte vir die jaar aangepak:** Daar is gebruik gemaak van verskillende media om die sentrum te bemark. Daar is 'n Mandeladag-braai gehou vir die kinders en verskeie lede van die Heilbron gemeenskap het die funksie bygewoon.

**3. Bestuur**

**Bestuurskomitee: Voorsitter:** Johan Prinsloo (Het bedank), **O/Voorsitter:** Vakant, **Sekretaris:** Werner Botes, **Voorsitter van Kindersorgkomitee:** Fana Mathibela, **Finansies:** Joey Du Toit, **Geboue en eiendomme:** Danie Hartzer, **Kindersorgkomitee: Voorsitter:** Fana Mathibela, **Sekretaris:** Werner Botes, **Addisionele lede:** Mathato Tieba.

Bestuurs-, Finansiële- en Kindersorgkomiteevergaderings is kwartaalliks gehou.

**4. Personeel:** Mev. Mathato Tieba is aangestel as kinderversorger in die plek van Ann Ebersohn. Die aflos-kinderversorger is Paulinah Nkotho en Florina Nyokong is die algemene assistent. Florinah neem verantwoordelikheid vir die skoonmaak van die sentrum en was en stryk van die kinders se klere. Werner Botes is aangestel as die Maatskaplike Werker vanaf September 2018. Hy lewer 1 dag per week terapeutiese dienste aan die kinders. Mev. Antoinette Loots, die Prinsipaal-Maatskaplike Werker van die Fezile Dabi streek, het gereelde toesigkontak met die Maatskaplike Werker, kinderversorger en ander personeel. Deurlopende konsultasies is gedoen met die personeel om hulle te bemagtig met die nodige kennis en vaardighede wat vereis word. Die aflos-kinderversorger doen tans haar Negemadi-opleiding om haar kwalifikasie as gekwalifiseerde Kinder- en Jeugsorgwerker te bekom.

**5. Gebied:** Ons bedien hoofsaaklik Heilbron en die omliggende dorpe – Parys, Sasolburg en Oranjeville.

**6. Fondsinsamelings:** Die sentrum is baie afhanklik van skenkings en donasies vanuit die gemeenskap om in die sentrum se behoeftes te voorsien. Daar is verskeie donasies en skenkings ontvang vanaf verskillende organisasies, persone en ander jeugsorgsentrums in Heilbron en omliggende dorpe.


**7. Dienste gelewer:** Dienste is gelewer aan 12 kinders, waarvan 4 seuns en 8 dogters is. Gedurende die afgelope jaar was daar wel kinders in tydelike veilige sorg. Een van die inwoners is in die tydperk uitgeplaas na 'n ander sentrum. Mediese en tandheelkundige dienste is deurlopend gelewer aan al die kinders en die nodige verwysings na spesialiste is gedoen. Multi-terapeutiese span vergaderings is gehou om elke kind se vordering te bespreek en individuele ontwikkelingsprogramme op te stel. Die maatskaplike werker van die sentrum het gereelde terapeutiese sessies met die kinders gehou.


**8. Samewerking:** Goeie samewerking vind plaas tussen die bestuur, kindersorgkomitee en personeel van die Jeugsorgsentrum. Daar word gepoog om goeie kommunikasiekanale te behou tussen die skole, departement, hoofbestuur en gesinsherenigingsorganisasies.

**9. Evaluering:** Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die Jeugsorgsentrum tot 'n groot mate in die behoeftes van die kinders voorsien het, danksy samewerking tussen al die betrokke partye, opleiding vanaf hoofkantoor, ondersteuning, fondse en hulp vanuit die gemeenskap,

**10. Bedanking:** Ons opregte dank aan ons Hemelse Vader wat steeds mildelik voorsien aan ons behoeftes. Groot waardering word ook uitgespreek teenoor diegene wat betrokke was by die sentrum en op welke wyse ookal 'n bydrae gemaak het om die sentrum 'n veilige hawe vir die kinders te maak, daarsonder sou die sentrum nie effektief kon fuksioneer nie. Dankie aan elke vrywilliger wat bereid is om die ekstra myl te stap en vasbyt wanneer uitdagings oor ons pad kom. Julle is 'n span staatmakers.

*"None of us got to where we are alone. Whether the assistance we received was obvious or subtle, acknowledging someone's help is a big part of understanding the importance of saying thank you." Harvey Mackay*

# SPORTverslag

## Ligaspan is reg vir Reitz

Heilbron Gholfklub se ligaspan is honderd present gemotiveer vir môre se ligawedstryd teen Reitz op Harrismith se baan. Die manne is ernstig en honger vir 'n oorwinning. Die span soos volg: Abrie Watson en Edward Muller, Riaan Schutte en Julyan Bruyns, Willem Loots en Johan Nelson.

Die skool se gholfdag van verlede Saterdag was een uit die boeke. Die sowat 64 spelers het gasvryheid uit die boonste rakke ervaar en alles het soos 'n geoliede masjien verloop. Feitlik elke speler het 'n prys gewen en die wennners van die dag was Abrie Watson en RJ Muller.

HBA het ook die nuwe maand se bekers vir 2020 geborg.

Môre is daar gewone spel vir die wat nie na die Vegkop Rally toe gaan nie en inskrywings is 11:45 vir afslaan 12:15

Die ouerkommitee kan tevrede wees met Hoërskool Heilbron se gholfdag en spelers en gaste was dit eens dat hierdie dag groot gees en samehorigheid bewerkstellig het. Harde werk word altyd beloon.



*Die komitee op die foto voor vl: Surene Strydom, Betsie Terre'Blanche en Cemone Snyman. Agter vl: Ellen-Louise Dreyer, Natasha Jonker, Nicolene Roos, Jolandé Spies en Marlene Naudé.*











## Pret by skietbaan


Die Jagtersvereniging het Saterdag 1 Februarie hul eerste skietdag van 2020 gehad.

Die formaat was pretskiet, en dit was uitdagende pret! Daar het 48 skuts die dag bygewoon en almal het lekker gelag. Om 5 oranje geverfde bierproppies op 100m met 'n jaggeweer te tref is nie so maklik nie en die meerderheid het almal gemis.

Die pistoolbaan was eweveel pret en deur Alwyn Swart en Robbie Bronkhorst uitgelê. Sien ook foto aangeheg. Op die .22 baan het Bennie Roets 5 diertjies op 'n A4 bladsy op 50m laat na jaag. Afstand en die wind het die skuts laat les opsê.

Die tradisionele kleiduifskiet was beman deur Hennie en Jacques Viviers, maar kleie was uit 'n ongewone hoek en oog na die deelnemers gegooi.

Die volgende skietoefening vind plaas op 7 Maart. Die Riemland Jagtersvereniging sien uit daarna om almal op 'n gereelde basis te verras met nuwe idees en uitdagings.








### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 15 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 7 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |